

KOERSVAS

Jaargang 5 Uitgawe 98 21 Oktober 2016

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings



REDAKSIONEEL

Die NHKA en selfdegeslagverhoudings.

'n Brief deur 'n bekende aktivis uit die vorige eeu gaan dien as agtergrond tot opmerkings oor die besluite geneem tydens die pas afgelope AKV van die NHKA. Dit is veral die besluite oor die huwelik en homoseksualiteit wat die aandag getrek het.

'n Kolonie van die hemel

*Die kerk in opstand Martin Luther King Jr.
Vry vertaal uit "Letter from Birmingham Jail,
April 1963"*

*Daar was 'n tyd toe die kerk baie magtig was – in die tyd toe Christene vreugde gevind het; indien hulle waardig genoeg geag was om te ly vir dit wat hulle geglo het. Dit was 'n tyd toe die kerk nie net 'n termometer was wat die idees en beginsels van die algemene publiek se perspektief aangedui het nie. **Die kerk was die termostaat** wat die moreel van die gemeenskap getransformeer het.*

Wanneer ookal Christene iewers aangekom het, het die mense in magsposisies onmiddellik probeer om die Christene veroordeel te kry as "rusverstoorders" of "vreemde agitators". Die Christene het volhard, vas oortuig dat hulle 'n "kolonie van die hemel" is, geroepe daartoe om aan God meer gehoorsaam te wees as aan mense. Al was hulle klein in getal, was hulle toewyding onmeetbaar groot. Hulle denke

was net so gevul met liefde en ontsag vir God dat die hier en nou hulle nie kon intimideer nie. Hulle toewyding het so 'n impak op die antieke wêreld gehad dat bese dinge soos kindermoord en gladiatorgevegte halt geroep is.

Dinge is nou so anders. Die eietydse kerk is swak, met 'n nie-effektiewe stem en 'n onsekere klank. Die kerk is so dikwels die vurige verdediger van die status quo. Die gemeenskap steur hom nie meer aan die kerk nie. Die magstruktuur van die gewone gemeenskap word getroos deur die kerk se stilte of selfs die volmondige sanksie wat gegee word vir dinge om te wees soos hulle is. Maar God se oordeel rus op die kerk soos nooit vantevore nie. Indien die kerk nie die selfopofferende gees van die vroeë kerk herwin nie, gaan die kerk sy outentieke stem verloor, die lojaliteit van miljoene opsê en afgeskryf word as 'n irrelevante sosiale klub. Aldus Martin Luther King Jr. 1963

Daar is meer as een kerk, meer as een groepering van gelowiges, wat reeds in sterk taal die besluit om homoseksuele gedrag te "ontsondig", veroordeel het. Die wollerige taal waarin die NHKA besluit verdoesel is, spreek van oneerlike manipulasie om die besluit te kan neem en om lidmate steeds te kan behou. Daar moet geen twyfel hieroor wees nie: **Die NHKA het homoseksuele**

verhoudings of selfdegeslagverhoudings tot normale verskynsel van menslike seksuele gedrag verklaar.

Hiermee kom die Evangelie vir die soveelste keer in gedrang, almal waarsku en die NHKA gaan net voort op die pad na irrelevansie as sosiale klub met belastingvoordele.

Die tyd het gekom vir ampsdraers en lidmate om met erns hulle posisie te heroorweeg. Om deel te bly van die NHKA, is amper op genetiese vlak deel van baie se menswees. In die NHKA gebore, gedoop, gekatkiseer, aangeneem, getroud, kinders gedoop, gekatkiseer, aangeneem, getroud en nou kleinkinders gedoop. Om nou bande te breek met hierdie verlede, is vir baie net te traumaties. Is daar nog murg in ons mense se bene?

Die mense wat hierdie sake aangevoer het en toe deurgevoer het, se integriteit is te bevraagteken. Hulle ken die amper blinde lojaliteit van lidmate. Hulle het 'n sagte agterdeur oopgelaat deur die klousule rondom gemeentebelange in te voeg. Tog het hulle onverbiddelik die Bybel negeer en iets aanvaar wat teen die skeppingsorde in, teen God se Woord in, deur die mensgefokusde gemeenskap verkondig word. Diegene wat op lidmaat lojaliteit steun, stel geen vertrouwe in God nie, het geen oor meer vir God nie, luister na mense en nie na God nie.

Dit is 'n skande dat lidmate nou moet kies om te reageer deur in die kerk te bly en stil te bly, of om geraas te maak en steeds te bly, of om die NHKA te verlaat. Daar sal gepaai word, gewys word op die "diversiteit" van studiestukke, en die versekering sal gegee word dat niks plaaslik in eie gemeentes sal verander nie.

Tog sal lidmate wat bly, deel wees van 'n kerk wat God minder ag as die polities korrekte benadering van sosiale geregtigheid. Plaaslik, in sommige gemeentes, sal niks dalk onmiddellik verander nie, maar dit gaan verander. Plaaslik kan niks vir 'n ruk dalk verander nie, maar die **plaaslike gemeente se heffings** (nou genoem sinodale offergawes) gaan die **NHKA se snelle vaart na infame sosiale instelling finansier**.

Geen skeuring word verkondig nie. **Lidmate het egter die keuse om te migreer na 'n kerk waar God en Sy Woord nog die finale woord het.** Of om te bly en in blinde lojaliteit op mense te vertrou. Hierdie enkele besluit van die NHKA het die NHKA se breuk met die Voortrekkerkerk op morele vlak getoon.

As versameling van Volkskerke het die GHG ook kennis geneem dat die NHKA besluit het om nie meer in lyn met die Voortrekker tradisie volkskerk te wees nie.

BERIGTE EN KENNISGEWINGS

BONDSVERGADERING

Tydens die Bestuursvergadering van die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes wat plaasgevind het op Vrydag 14 Oktober 2016, is talle sake bespreek.

Ons bring graag die volgende onder u aandag:

NOTULE VAN DIE BONDSVERGADERING 2016

Die inhoud van die voorlopige notule van die Bondsvergadering is bespreek. Hierdie voorlopige notule sal binnekort aan kerkrade en afgevaardigdes versend word vir kommentaar. Na die verwerking van kommentaar sal die finale goedgekeurde notule aan alle betrokkenes versend word.

'n Besluitebundel sal beskikbaar gestel word en u word versoek om toe te sien dat alle besluite en opdragte soos deur die Bondsvergadering bepaal, uitgevoer word.

KOMITEES

Alle komitees word daarop gewys dat opdragte soos deur die Bondsvergadering aan komitees opgedra, so spoedig moontlik aandag moet kry. Komitees word versoek om voor die einde van 2016 reeds te vergader met die oog op die uitvoering van opdragte.

GELOFSBOND JEUGKAMP

In opdrag van die Bondsvergadering moet 'n meningspeiling gedoen word met die oog op die aanbod van 'n Jeugkamp. Vind aangeheg 'n skrywe vanaf ds PJ Snyders.

REGSKWESSIES

Om regs-kostes te besnoei, word u versoek om alle navrae rakende hofsake of regs-aangeleenthede aan dr. MA Botma (andre.botma@telkomsa.net) te rig. Indien dit nodig is, sal dr. Botma die sake met ons regsverteenvoerders bespreek.

Ons versoek u dus om asseblief nie regstreeks met die regsverteenvoerders te kontak nie, aangesien dit addisionele uitgawes tot gevolg het!

GEMEENTENUUS

As Bondsgemeentes wil ons graag die onderlinge band wat ons met mekaar het koester en versterk. U word versoek om gemeentenuus, projekte, beroepe, lief en leed, verandering van kontakbesonderhede ensovoorts aan dr. Johan Otto by e-pos jotto1@absamail.co.za of drotto1.jo@gmail.com te stuur sodat dit in ons publikasies bekend gemaak kan word.

DATUMS VIR 2017

Die volgende datums word aan u deurgegee met die oog op die samestelling van u jaarprogram:

13 Januarie 2016 Bestuursvergadering te Oostelike Pietersburg.

28 Februarie 2017 - Afsluiting van finansiële jaar. (Onthou om boeke in te dien vir oudit.)

22 – 24 Maart 2017 - Kategese Beraad

15 Junie 2017 - Laaste dag vir die indiening van alle verslae en beskrywingspunte vir die Bondsvergadering.

15 Junie 2017 - KENNISGEWING: Alle predikante moet Lewensbrood 2018 se dagstukkies indien!!

23 Junie 2017 - GHG Bestuursvergadering. Agendavergadering te Gemeente Grootvlei.

13 Augustus 2017 - Bybelvasvra Streek.

27 Augustus 2017 - Bybelvasvra Finaal.

3–5 September 2017 - Bondsvergadering.

13 Oktober 2017 - Bestuursvergadering.

Notulevergadering te Gemeente Theresapark.

23 Oktober 2017-Lewensbrood 2018: Laaste dag vir bestellings van Lewensbrood 2018.

U word sterkte toegewens met die uitvoering van u pligte, mag die Here aan ons die krag en genade skenk om ons werk tot Sy eer suksesvol aan te pak en te voltooi.

Ds FNS Marais

Skriba

GHG

Hoof datums op liturgiese kalender:

Lydensweke 5 Maart 2017- 9 April 2017

Goeie Vrydag 14 April 2017

Paassondag 16 April 2017

Hemelvaart 25 Mei 2017

Pinkster 4 Junie 2017

Triniteit Sondag 11 Junie 2017

Bartholomeusdag 27 Augustus 2017

Advent 3-24 Desember 2017

Geloftedag 16 Desember 2017

Kersfees 25 Desember 2017

BEROEPENUUS

Di Jaap en Tharina Steenkamp het 'n dubbele beroep na die Kalahari kombinasie aanvaar (Stella, Piet Plessis en Vryburg). Ds Jaap se afskeidspraak is op Sondag 30 Oktober.

VERJAARDAGDINEE

• **Liewe Vriende en Mede-gelowiges,**
Prof Hennie van der Westhuizen word 80!!!
U word hiermee hartlik uitgenooi om sy verjaarsdagdinee by te woon.

Datum: 25 November 2016

Plek: Premiermyn Hervormde Kerk
(GPS: S25°40.672'; E28°32.188')

Drag: Formeel

Koste: R160 pp met internet- of bankbetaling
R200 pp kontant by ingang

Tyd: 18:00 vir 18:30

Bevestig asseblief voor/op 31 Oktober 2016:

- Yvette Otto
zyvetto@gmail.com (072 223 7522)
- Jaap Steenkamp
jaapsteenkamp@yahoo.com
(072 233 6445)

Bankbesonderhede HDV Premiermyn
Nedbank Premier Mine
1045 788 368
Takkode 162 050

Kinders welkom – kontak asseblief
organiseerders vir verdere reëlings in hierdie
verband

Groete, Jaap Steenkamp

BESLUIT OOR HOMOSEKSUALITEIT

Die NHKA se 71e AKV se besluit om homoseksualiteit te “normaliseer” bly in die nuus. Daar is baie ampsdraers en lidmate wat ontken dat sodanige besluit geneem is. Aangeheg is die analise van die besluit soos aanvaar. U word versoek om die inligting so wyd moontlik te versprei. Predikante gaan

waarskynlik alles in hulle vermoë doen om die inligting van hulle lidmate te weerhou en die media speel duidelik saam.

Gemeentenuus: KOSTER

Dit is vir ons 'n groot trots en aangenaam om bekend te maak dat van ons gemeente kinders tot die leerlingraad van hulle skole verkies is.

Hoërskool Koster:

Stiaan Verster en Mariska Erasmus



Volkies Hoërskool te Potchefstroom.

Tot Hoofseun van die skool en hoofseun van die koshuis:

Henry Campher



AJ Klaassen tot leerlingraad van die skool en van die koshuis.

HOSPITAALBESOEK 2017

Hospitaalbesoek : Klerksdorp

Ouderling Pieter Greyling het aangebied om van die G H G Lidmate wat in die Klerksdorp hospitale opgeneem word te besoek. Baie dankie vir die mooi gebaar.

Kontak : P Greyling 083 430 1910
 Mev A Greyling 083 557 0414

VAKANSIEKOMPETISIE: PREMIERMYN

Ondersteun gerus Premiemryn se vakansiekompetisie en gaan rus by die Wildekus. Daar is 'n eerste, 'n tweede en 'n derde prys te wen. Twee vakansies te Port Edward of 'n week van u keuse in die Langkloof is die tweede en derde pryse.

OORNAG FASILITEITE

Villa Stoney – naby Pretoria. Skakel Ina 082 908 2831 of auri@mweb.co.za.

KOSTER VLEISFEES

Neem kennis van die Vleisfees wat Koster aanbied die eerste naweek in November. Die inligting is aangeheg.

GELOOFSBONDPREKE

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar word elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op die internet geplaas.

<http://www.geloofsbond.org.za/>

Daar is ook preke op **whatsapp** beskikbaar. Kontak Yvette Otto by 072 223 7522 vir meer besonderhede.

DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorieboeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk



GELOOFSBONDKWILT 2

Lootjies R20

MAAK 'N DONASIE VAN R100-00 EN STAAN 'N KANS OM EEN VAN DRIE VAKANSIES TE WEN

1ste Prys: 7 Dae vir 4 persone by Eden Palms, Palm Beach, Port Edward

2de Prys: 7 Dae vir 4 - 6 persone by Mer Bleue, Port Edward



VLEIS PRYSE

WORS

Boerewors
R 60/kg



VARK

Ontbeende Varknek R 65/kg
Vark tjops R 45/kg

